



Mnr. Saki Macozoma en Brian Gilbertson (regs) tydens die seremoniële sooispit-plegtigheid van die Tshipi Borwa-manganmyn wat gister naby Hotazel in die Noord-Kaap plaasgevind het.

Foto: VIDA BOOYSEN

Tshipi Borwa-myn se eerste sooi gespit

Vida Booysen, Kathu

Beijing is 12 200 km ver van die Tshipi Borwa-manganmyn naby Hotazel in die Noord-Kaap. Maar dis China se onversadigbare aptyt na staal wat dié myn ná 'n gespoek van byna 10 jaar 'n werklikheid laat word het.

Gister is die eerste simboliese sooi van die projek ter waarde van R1,7 miljard gespit en die aandeelhouers, Ntsimbintle Mining met mnr. Saki Macozoma aan die stuur, en Jupiter Mines, glo die myn is reg geïmposisioneer om groot voordeel te trek uit enige volgende groeioopie van die Chinese reus

“Mangan is noodsaaklik om staal van hoë gehalte te vervaardig. Jy kan nie 'n ekonomie laat groei sonder staal nie, en dis nie net die aanvraag uit China wat versadig moet word nie – Indië, Thailand en Indonesië staan ook op die drumpel van groot ekonomiese uitbreiding,” sê mnr. Brian Gilbertson, die myn-entrepre-

neur en mede-eienaar van Pallinghurst Co-Investors, wat 85% van Jupiter Mines besit.

Die oopgroefmyn sal volgens Gilbertson in 2012 met produksie begin en behoort jaarliks 2,4 miljoen ton mangaan-erts te lewer. Die myn sal na verwagting werkeleentheid vir sowat 500 mense skep, 'n groot hupstoot vir een van die armste provinsies in die land.

Ntsimbintle Mining, wat 50,1% van die aandeelhouing besit, is 'n breë swartbemaatigingsgroep wat ook die John Taolo Gaetsewe-ontwikkelingstrust van Kuruman insluit, wat verskeie plaaslike opheffingsprojekte beplan.

“Swart Suid-Afrikaanse sake-lui het die projek op die been gebring en van die begin af was dit ons doelwit om seker te maak dat ons aandeelhouing die breedste moontlike bemaatiging verteenwoordig,” het Macozoma op die plegtigheid gesê.

In antwoord op die vraag oor of hy bekommerd is oor praatjies

oor nasionalisering van die Suid-Afrikaanse mynbedryf, het Macozoma gesê dit staan enigeen, ook die regering, vry om die kwessie te debatteer.

“Dit maak dit nie makliker vir ons om beleggers te kry nie, maar 'n mens moet besef dat daar op die een of ander tydstip staatsinmenging in die mynbou sal wees. Daarmee het ek nie 'n probleem nie, solank hulle die myne doeltreffend bedryf en die kundigheid het om markte vir ons hulbronne te ontsluit.”

Nog Macozoma, nog Gilbertson wou meer besonderhede gee oor of daar enige ooreenkoms met Transnet gesluit is om die erts tot by die hawens van Port Elizabeth en Durban te vervoer.

“Ons voel verseker dat Transnet verstaan dat 'n tussentydse oplossing nodig is. Ons het aan hulle gesê dat ons nie met hulle langtermynplanne wil inmeng nie, maar intussen moet ons begin met produksie,” het Macozoma gesê.